

RAAMWERK VIR 'N TEOLOGIESE VERSTAAN VAN EVANGELISASIE – GOEDGEKEUR BY DIE ALGEMENE SINODE 2023

WERKGROEP VIR EVANGELISASIE

Personeel

Ds Leon Westhof (voorsitter)
Prof Hannes Knoetze
Dr Frikkie Coetzee
Dr Roedolf Bothe
Dr Hein Wiegand
Dr Lourens Bosman (skriba)

Hierdie verslag neem in ag dat die NG Kerk 'n lang tradisie met evangelisasie het. Twee vorige verslae oor evangelisasie het by die Algemene Sinode gedien (2007 en 2011). Artikel 2 en 53, asook reglement 25 van die Kerkorde handel oor die gestuurdheid van die NG Kerk (*missio Dei*). Die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk (2013) vorm 'n belangrike agtergrond vir die gesprek oor evangelisasie. Die verslag gee deels uitvoering aan die volgende besluit van die AS2019: **“Die sinode gee opdrag dat die ontwerp van ‘n raamwerk vir evangelisasie binne missionale konteks voortgesit en afgehandel word, asook vir die beplanning en aanbieding van die nodige werkswinkels met die oog op praktyk-skoling en begeleiding van gemeentes wat die materiaal wil gebruik”.**

Die herontdekking van die missionale roeping van die kerk, met die gepaardgaande missionêre en diakonale bedieningehet ons gedring om weer nuut te dink oor evangelisasie. Die herontdekking van ons roeping help ons ook om innoverend nuut te dink oor evangelisasie in 'n veranderde konteks, die skuif van Christendom na post-Christendom, sekularisasie, kerkvervreemding en die gepaardgaande daling van getalle van gemeentes. Weens sommige praktyke van die verlede en negatiewe ervarings van evangelisasie is dit nodig om evangelisasie in 'n post-Christendomkonteks weer nuut te ontdek en teologies te begrond in die *missio Dei* sodat gemeentes die goeie nuus geloofwaardig kan verteenwoordig en uitleef in die gemeenskap. Gemeentes is op verskillende plekke met betrekking tot evangelisasie en het verskillende, soms uiteenlopende ervarings van evangelisasie. Evangelisasie is nie 'n program nie, maar hoort tot die wese van die kerk. Daarom moet 'n evangelisasiekultuur doelbewus maar prosesmatig, sistemies en organies ontwikkel te word in gemeentes. Evangelisasie is nie 'n kitsoplossing om die gemeente reg te ruk nie, maar is identiteitsvormend en neem tyd. Dit is belangrik om elke gemeentekonteks in aanmerking te neem en saam in die geloof te onderskei hoe evangelisasiepraktyke beliggaam kan word in aansluiting by God se sending.

Die verslag as raamwerkdokument bied die volgende:

- uitgangspunte (vars insigte) oor die verstaan van evangelisasie;
- moontlike implikasies vir evangelisasie in gemeentes;
- moontlike veranderde (voorkeure) praktyke wat daaruit kan voortspruit.

1. Uitgangspunt: Evangelisasie is **weselik deel** van die hart en sentrum van die kerk se missionale identiteit en roeping en deelname aan die **sending (liefdesbeweging) van die Drie-enige God** na die hele skepping (*missio trinitatis Dei*). Evangelisasie word gefundeer vanuit 'n **trinitariese** missionale teologie en missionale ekklesiologie.

Implikasie: Evangelisasie hoort nie op die rand (periferie) van gemeentes nie, maar in die hart van die missionale roeping en bediening van elke gemeente.

Moontlike veranderde praktyke: Evangelisasie word in gemeentes verstaan en gekommunikeer as wesenlik deel van die gemeentes se missionale identiteit en roeping. Gesprekke en praktiese gemeentebedieninge vanuit missionaliteit (missionale roeping) sluit evangelisasie wesenlik in. Die motivering vir evangelisasie is vreugdevolle en toegewyde deelname aan die liefdesbeweging (sending/gestuurdheid) van die Drie-enige God onder leiding van die Heilige Gees.

2. Uitgangspunt: In evangelisasie word die evangelie verstaan as die **evangelie van die koninkryk van God** wat goeie nuus vir almal op aarde asook vir die hele skepping is.

Evangelisasie het primêr 'n **Christologiese fokus**. Hiermee word die omvattende en kosmiese reikwydte van die heerskappy van God in Jesus Christus verreken: Jesus Christus die Here, voor wie elke knie sal buig en tong sal bely, is die sentrum van die evangelie van die koninkryk van God. Die evangelie van die koninkryk is die sentrum van die evangelie waarmee Jesus besig was.

Implikasie: Evangelisasie gaan nie net oor spirituele verlossing nie (net Jesus as Verlosser-'n reduksie) maar oor die goeie nuus van die koninkryk van God (Jesus as die Here). Evangelisasie sluit dus alle vorme van geregtigheid in hierdie lewe in. Die ryke verskeidenheid van Jesus se Messiaanse titels word herontdek om sy Heer-skap aan te dui. So word 'n reduksie (te min) wat in evangelisasie voorkom, herstel.

Moontlike veranderde praktyke: Die oproep in die gemeente beteken nie net om Jesus as Verlosser te aanvaar en so 'n reduksie (te min) voort te sit nie. Mense word opgeroep of uitgenooi om Jesus as die Here (insluitend al die Messiaanse titels) en die nuwe werklikheid van God se heerskappy (koninkryk) te aanvaar en as nuwe mense in Christus daaglik vanuit hierdie nuwewerklikheid te leef.

3. Uitgangspunt: Evangelisasie word verstaan as 'n **uitnodiging tot missionale dissipelskap** (dissipels wat dissipels maak) wat voortdurend gereoriënteer word vanuit die koninkryk (heerskappy) van God.

Implikasie: Evangelisasie word nie bloot as eenmalige besluitneming vir Jesus en dissipelskap as opvolgbenadering verstaan en hanteer nie. Evangelisasie word eerder verstaan as daaglikse uitnodiging tot missionale dissipelskap (mense wat Jesus die Here volg en ander saamnooi om Hom te volg). Evangelisasie fokus nie net op die vreugde van die bestemming nie, maar op die lewegewende avontuur (florerende lewe) om Jesus die oorwinnende Here daaglik te volg en die vreugde van 'n offervaardige lewe van diens en gehoorsaamheid in die hier en nou in die lig van God se heerskappy uit te leef.

Moontlike veranderde praktyke: Die evangelisasie-uitnodigings in en deur gemeentes, gesamentlik en gelowiges individueel, beteken nie bloot om mense te bring tot 'n eenmalige besluit vir Jesus nie. Dit fokus daarop om mense uit te nooi om saam Jesus die Here te volg en ander mense ook saam te nooi op die reis. Evangelisasie-uitnodigings fokus nie eensydig op die bestemming van die reis nie, maar op die avontuur en vreugde om Jesus die Here lewegewend in die hier en nou daaglik te volg. Bekering word hanteer as 'n daaglikse proses waarin mense se lewens van die begin af en voortdurend gereoriënteer word vanuit God se heerskappy. Dit kan plaasvind en groei met geloofsvormende praktyke (vgl. IN PAS: ritmes en gewoontes vir missionale gemeentes).

4. Uitgangspunt: Die hele **gemeente** is die **evangelis** waar almal in hulle saamwees en individueel, 'n teken en voorsmaak van die nuwe werklikheid van die koninkryk is deur diens aan God, mekaar en die wêreld.

Implikasie: Evangelisasie word **nie net** deur 'n groep in die gemeente gedoen nie, maar die **hele Gemeente** leef saam en persoonlik vanuit die nuwe werklikheid van die koninkryk van God. Evangelisasie neem die amp van gelowige en die toerusting van die hele gemeente ernstig op om saam as evangelis die goeie nuus te beliggaam en te deel. Evangelisasie maak erns met die eenheid van die kerk as deel van die kerk se evangeliese getuienis sodat mense kan glo dat Christene werklik dissipels is.

Moontlike veranderde praktyke: Die gemeente word deur die bediening gemotiveer en geïnspireer om saam en persoonlik in alle fasette van hulle lewens en oral waar hulle kom, die goeie nuus te beliggaam deur as tekens van hoop te leef. Gemeentes gebruik geleenthede waar saamgewerk word met buurgemeentes in ringsverband en ekumenies om saam die goeie nuus te deel in die gemeenskap en 'n getuienis van die eenheid van die kerk uit te leef.

5. Uitgangspunt: Die gemeente word **belyn** volgens die missionale roeping, en al die bedieninge/modi word **geïntegreer** en **gekoördineer** in die uitleef van die roeping tot evangelisasie.

Implikasies: Evangelisasie word **nie net** as 'n program vir 'n sekere groep mense in die gemeente gesien nie, maar as 'n goeie nuuskultuur waar alle gemeentelide spontaan hulle geloof deel (as deel van missionale dissipelskap) en waar doelgerigte en toegespitste bedieninge en programme vanuit 'n evangelisasiekultuur gebruik word. (Verskeie programme wat in NG Gemeentes vir evangelisasie gebruik word, word aan die einde van die verslag genoem.)

Moontlike veranderde praktyke: Gemeentes word gewys op die risiko's en verskraling wanneer bedieninge in silo's funksioneer. 'n Bewuste keuse word deur die leierskap gemaak dat die gemeente as geïntegreerde missionaal-evangeliserende entiteit funksioneer. Vanuit die leierskap word bedieninge doelgerig belyn, geïntegreer en gekoördineer. Duplisering word uitgeskakel en bedieninge word begelei op 'n weg van sinergie om sodoende meer effektief as evangelis te funksioneer.

Daar word bewustelik gewerk aan prosesse om 'n **evangelisasiekultuur** in gemeentes te skep waar geloofsdeling spontaan deel van lidmate se geloofsreis (en die liturgie) word. 'n Deel van 'n evangelisasiekultuur is dat geloofsdeling spontaan deel van byeenkomste en eredienste word waar lidmate leer en inoefen om hulle

geloofsverhale te deel. Toerusting deur middel van verskillende prosesse om 'n evangelisasie-kultuur te skep, kan ingeoefen word.

6. Uitgangspunt: Evangelisasie word **holisties en geïntegreerd** verstaan in die beliggaming van die goeie nuus van die evangelie van die koninkryk van God in **getroue teenwoordigheid, deernisvolle dade van diens en vreugdevolle woorde** op gepaste tye.

Implikasie: Die valse skeiding (dichotomie) in evangelisasie wat woorde en dade skei, is teologies onhoubaar. Evangelisasie word eerder holisties gesien waar gemeentes hulle roeping utoeleef in die gemeenskap deur getrou teenwoordig te wees (wees/“*being*”), praktiese dienswerk verrig (doen/“*doing*”), en die goeie nuus in woorde deel (vertel/“*telling*”). Evangelisasie vind dan interaktief en geïntegreerd plaas, terwyl daar kontekstueel in die geloof onderskei word wat in die omstandighede gepas is.

Moontlike veranderde praktyke: In die kommunikasie in die gemeente deur eredienste, leierskapsgesprekke en bedieninge word valse skeidings (dichotomieë) tussen woord-en daadgetuie nis aangespreek en doelbewus geïntegreer. So 'n geïntegreerde benadering kom na vore in getroue teenwoordigheid in die gemeenskap, praktiese dade van liefdesdiens om mense se nood te verlig, en deur spontane geloofsdeling. Die “hoe” daarvan word saam en individueel onderskei in die spesifieke plaaslike konteks en is deel van 'n geloofsonderskeidende proses onder leiding van die Heilige Gees en gebed.

Lidmate word ook bewus gemaak van die valse skeiding (dichotomie) van evangelisasie as verkondiging, sosiale geregtigheid en ekologie. In 'n geïntegreerde benadering is al drie deel van die kerk se evangeliese getuie nis en evangelisasie.

7. Uitgangspunt: Evangelisasie as uitnodiging om Jesus die Here lewenslank te volg, is 'n uitnodiging om **deel** van Jesus se **discipelkring (geloofsgemeenskap)** te word (“behoort”) waar “glo” (“*believe*”), “behoort” (“*belong*”), en “gedrag” (“*behave*”) nie lineêr verstaan word nie, maar geïntegreerd, dinamies en interaktief deel van die werk van die Gees is.

Implikasie: Die eensydige fokus op besluitneming vir Jesus los van 'n geloofsgemeenskap word hersien na 'n uitnodiging om deel van 'n geloofsgemeenskap te word wat saam vir Jesus die Here volg en saam leer wie Jesus is en wat dit prakties beteken om Hom te volg.

Moontlike veranderde praktyke: Die gemeente word gemotiveer en geïnspireer om drumpelstaanders of potensiële reisgenote te nooi om saam op reis te gaan en die “behoort” aan die liefdesgemeenskap te beleef. Mense word ook genooi om saam by dienswerk of diensprojekte in die gemeenskap betrokke te raak. So word gesamentlike dienswerk en “behoort” beleef en word ervaar wat dit beteken om Jesus te volg. Daarom is dit noodsaaklik dat 'n radikale gasvryheidskultuur in gemeentes geskep word wat aangevul word met 'n uitnoui-en inkomkultuur (ontvangs en tuiskom van mense). Gemeentes doen dienswerk en diensprojekte verkieslik in samewerking met ander gemeentes en gemeenskapsnetwerke.

8. Uitgangspunt: Evangelisasie neem deeglik kennis van die **skuif** in die samelewing van Christendom na **post-Christendom** (Daarmee saam ook ander kontekstuele faktore soos sekularisasie, post-apartheid, post-koloniale en multi-kulturele konteks). Evangelisasie vind in 'n post-Christendom-konteks plaas vanuit 'n nederige en brose posisie aan die rand van die samelewing en nie vanuit 'n posisie van mag (van bo) en invloed nie (vgl. die Christendom of Konstantynse posisie).

Implikasie: Die siening van evangelisasie as kerkherstel en/of herstel van die posisie van die kerk in die sentrum van die samelewing word afgewys en vermy. Evangelisasie vind plaas vanuit 'n nederige en brose posisie van die kerk op die rand (periferie) van die samelewing. Vanaf hierdie posisie omhels die kerk haar missionale roeping tot evangelisasie met vreugde en leef dit met oorgawe uit. Sukses word nie gemeet aan getalle of magposisies van gemeentes nie, maar aan die getrouheid aan die roeping van die kerk (teologie). In navolging van Jesus vind evangelisasie as diens aan die gemeenskap plaas.

Moontlike veranderde praktyke: Lidmate word bewus gemaak van die skuif van Christendom (kultuur-Christenskap) na post-Christendom. Die skuif van die kerk vanuit 'n magposisie van invloed na die rand (periferie) van die samelewing in 'n nederige en brose posisie, word aan lidmate verduidelik. Gemeenteleierskap en gemeentelede word begelei om te begryp dat evangelisasie nie 'n herstel van die kerk of die posisie van die kerk is nie (die sogenaamde Konstantynse versoeking). In 'n post-Christendom-konteks word dissipels geleer om gemaklik te wees met 'n nederige en brose diensknegposisie. Hierdie posisie word juis gesien as 'n geleentheid om die kerk se missionale roeping vars en nuut te ontdek en kreatief onder leiding van die Gees, in navolging van Jesus, uit te leef.

In 'n post-Christendom-en gesekulariseerde konteks is evangelisasie versigtig en krities oor 'n benadering wat vashaak aan een program wat konteksloos, tydloos en voorskriftelik (resepmatig) gebruik word. So 'n benadering gryp terug na 'n Christendom-en modernistiese benadering en reduceer die evangelie en evangelisasie. Die huidige konteks plaas juis die onus op die leierskap om die gemeente in geloofsonderskeiding te onderrig om aan te sluit by God se werk.

9. Uitgangspunt: Die **styl** van evangelisasie is die diensstyl van Jesus die Dienskneg. Die styl in evangelisasie is nie bloot 'n strategie nie, maar wesenlik deel van die evangelie (*"For as always, the embodiment is the heralding; the medium is the message; incarnation is invitation"* (Stone 2007:48); *"Our 'big story' is not a power story. It is a love story – God's love story..."* (Wright 2011:240-242).

Implikasie: Die manier of styl van evangelisasie wat vanuit 'n magposisie domineer en skade doen aan die evangeliese getuigenis van die gemeente, word sterk afgewys en vermy. Evangelisasie vind plaas vanuit 'n dienende navolging van Jesus wat met dienende liefde, respek, menswaardigheid en verhoudingsgerig uitreik na mense (inkarnasie en relasionele uitgangspunt).

Moontlike veranderde praktyke: Deur eredienste en gesprekke met leierskap en bedieninge, word die gevare en versoekings van magposisies gekommunikeer. Gemeentes word uitgenooi om Jesus die Here dienend te volg volgens die karakter en voorbeeld van Jesus. Sodoende word mense in evangelisasie met dienende liefde, respek, menswaardigheid en verhoudingsgerigheid hanteer.

10. Uitgangspunt: Praktyke van evangelisasie word deur die teologie (Bybelse inhoud) en styl bepaal en daar word kontekstueel in die geloof onderskei hoe getrou aangesluit word by God se werk (*missio Dei*) en hoe die evangelie met aanvaarbare etiese praktyke geloofwaardig en getrou beliggaam kan word.

Implikasie: Praktyke en metodes wat eensydig fokus op sukses (groei in getalle/gemeentevermeerdering), markgerig en twyfelagtig is, word vervang met praktyke wat 'n geloofwaardige (kongruente) beliggaming van God se werk in die spesifieke konteks is (inkarnasie) en bepaal word deur die inhoud en styl van die evangelie.

Moontlike veranderde praktyke: Gemeentes word bewus gemaak van die gevaar daarvan om evangelisasie te meet volgens getalle en die “sukses” van die mark en die skade wat dit veroorsaak. Mense word aangemoedig om in hulle konteks getrou te wees en seker te maak dat die inhoud van die evangelie en die diensknegstyl van Jesus bepaal hoe die goeie nuus met geloofwaardigheid in die spesifieke konteks uitgeleef word en kreatiewe vars uitdrukkings van die Gees se werk is.

11. Uitgangspunt: Evangelisasie is gerig op **almal:** toegewyde Christene (meelewende lidmate), kerkvervreemde mense (drumpelstaanders), en nie-gelowiges/nie-Christene. Almal het die goeie nuus *weer en weer* nodig (vgl. Barth (cf. Osmer 2021:157-159, 185, 211) en Brueggemann (1993:12, 48-50, 70-72) se standpunte in hierdie verband).

Implikasie: Die eensydige fokus op net sekere mense in evangelisasie vanaf ons na julle (bv. kerkvervreemde mense/“outsiders”/drumpelstaanders) verander na 'n benadering van ons is vir mekaar verantwoordelik waar na almal – toegewyde Christene (meelewende lidmate), kerkvervreemde mense en nie-gelowiges – uitgereik word met die goeie nuus. Dit gaan per slot van rekening om 'n uitnodiging tot en ondersteuning in 'n lewenslange navolging van die Here Jesus Christus.

Moontlike veranderde praktyke: Gemeentelede word geleer en toegerus dat geloofsdeling van die goeie nuus nie net met sekere mense gedoen word nie, maar met alle mense wat oor hulle pad kom, op gepaste tye, wyses en praktyke. Sulke gesprekke vind verhoudingsmatig, dialogies en wederkerig plaas.

12. Uitgangspunt: Gemeentelike **leiers** het in evangelisasie 'n krities belangrike rol om gemeentes te begelei en toe te rus om geïntegreerde missionaal-evangeliserende gemeentes te wees.

Implikasie: Die kritiese rol van leierskap met betrekking tot evangelisasie word herontdek. Gemeenteleiers deel die visie van 'n evangeliserende missionale gemeente met die hele gemeente. Die hele gemeente word met inspirasie begelei en toerus om 'n geïntegreerde evangeliserende gemeente te wees.

Moontlike veranderde praktyke: Gemeenteleiers en veral predikante word in gemeenteverband en/of kerkverband/ringsverband begelei om hulle kritiese rol in evangelisasie te ontdek en uit te leef. Leiers word begelei en ondersteun om mekaar

in gemeentes en ringsverband by te staan en toe te rus om evangeliserende gemeentes te word.

“In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om ’n antwoord te gee aan elkeen wat van julle ’n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God ...”

(cf. 1 Petrus 3:15-16a, AFR83)

PROGRAMME WAT IN GEMEENTES GEBRUIK WORD.

Die volgende programme is of word na die beste wete van die Taakspan in gemeentes gebruik:

Alpha Kursus (Nicky Gumbell) <https://alpha.org/>

Awaken -ontwikkel deur Pretoria Oosterlig, <https://oosterlig.co.za/>

Die Geloofsreis ontwikkel deur ds. Gys van Schoor. <https://geloofsvorming.co.za/>

EE3 (Deel jou geloof) <https://www.ee3.org.za/>

Getroue Getuies / Faithful Witnesses (Richard Stoll Armstrong)

Vertel –Deel die Goeie Nuus; Bybel-Media.

<https://eshop.bybelmedia.org.za/product/vertel-deel-die-goeie-nuus/>

IN PAS (Cordier, Van der Walt en Bosman) <http://inpas.co.za>

Just Walk Across theRoom. <https://www.youtube.com/watch?v=P2KK42CROTY>

Becoming a contagious Christian (Hybels & Mittelberg)

<https://www.amazon.com/Becoming-Contagious-Christian-Bill-Hybels/dp/0310210089>

Lukas 10 Transformasie (L10T) <https://luke10t.com/>

Next Step Disciple <https://nextstepdisciple.org/article/evangelism-training>

Marketplace Theology <https://imglobal.org/>

Materiaal ontwikkel deur Ralph Neighbour <https://ralphneighbour.com/>

Materiaal van Toekomsvenster <https://toekomsvenster.co.za/>

Materiaal ontwikkel deur Amos Bediening (toerusting vir boere)...

10.3 AANBEVELINGS:

10.3.1 Die AS keur die verslag goed as teologiese raamwerk vir evangelisasie binne ’n missionale konteks.

10.3.2 Die AS word versoek om opdrag te gee aan die Taakspan Missionale Roeping en werkgroep vir evangelisasie vir verdere beplanning, ontwikkeling van materiaal en die aanbieding van die nodige werkswinkels en toerustingsmateriaal met die oog op praktyk-skoling en begeleiding van gemeentes.

10.3.3 Die taakspan Missionale Roeping word versoek om aandag te gee aan die integrasie van evangelisasie met ander missionale werksaamhede, veral diakonaat en die aanspreek van sosiale geregtigheid.

10.3.4 Die Algemene Kuratorium word versoek om wyses te ondersoek hoe die materiaal van hierdie verslag in die teologiese opleiding geïntegreer kan word.

10.3.5 Die Algemene Sinode versoek deelnemende sinodes om te oorweeg om werkgroepe vir evangelisasie in die lewe te roep.